

**21 Julie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 9**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 9:13**

### **Ons kreupelgelowiges word waardig gemaak**

Die Here lê dit Dawid op die hart om goed te doen aan die nageslag van Saul. So het Dawid die kreupel Mefiboset, kleinseun van Saul, begenadig. Dit gebeur teen alle verwagting in:

\* Destyds het 'n nuwe koning gewoonlik sy voorganger se geslag uitgeroei om sy eie koningskap te verstewig.

\* In 2 Samuel 5:6-8 lees ons ook dat Dawid die blindes en kreupeles blywend gehaat het, omdat hulle soveel moeilikheid vir hom veroorsaak het toe hy Jerusalem ingeneem het.

So kom Mefiboset as kreupele al bewend na Dawid se troonkamer, maar dan gebeur die onverwagte: Al sien Mefiboset homself as 'n "dooie hond" voor Dawid, sê Dawid dat Mefiboset van nou af elke dag saam met hom aan die koningstafel mag eet. Dawid neem die onverwagte besluit ter wille van die verbond tussen hom en Jonatan (vergelyk 1 Sam 20), die pa van Mefiboset. Mefiboset doen die koningstafel geen eer aan nie, maar die koningstafel vereer hom! Hy kry 'n ereplek ten spyte van sy afkoms en ten spyte van sy gebrek.

Die mens se waarde hang nie af van sy nuttigheid in die samelewing nie, maar van genade. Ook elke gestremde mens moet weet dat die liefde van die Here hom/haar waardevol maak!

So kan ons gereeld in gebed na die Here gaan, omdat Hy ons wat kreupel in die geloof is, deur Christus waardig maak om in sy genade te deel! So lees ook die mooiste sin in die Nagmaalsformulier: "Ons kom immers nie na die Nagmaal omdat ons onsself sondeloos of volmaak ag nie, maar omdat ons ons saligheid buite onsself in Christus soek. Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan die hemelse spys en drank"

*Sing: Psalm 23:3 Ds M van Helden (Centurion)*